


Doxa Deo Str, Sefako Makgatho Rln (R513) Oos, Kameeldrift Oos, Pretoria

## <u>**KALEI-nuus 4**</u> (Sep 2023) <u>**BARCODES**</u>

In die vorige nuusbriewe het ons gesels oor:

- Maandag 30 Okt. se UITPAKTYD en Saterdag 4 Nov. se OPPAKTYD…
- Tye wat die KALEIDOSKOOP KERSMARK elke dag oop is …
- Elke uitstaller se EEN DIENSBEURT tydens die week…
- KOSTES van uitstalspasies en registrasieproses…
- Rekeningbesonderhede…
- Kommisie van 20%...
- Kos te koop in die Kuiertent en kunstenaars wat optree…

In hierdie nuusbrief fokus ons op die **BARCODES** en wat om nou te doen. **Asseblief lees dit noukeurig deur**. Hierdie is baie belangrik:

- Ons het <u>**ons eie barcode-sisteem**</u> met *scanners* wat nie met enige ander sisteem van ander markte kommunikeer nie.
- Elke artikel **moet** ons eie barcode met sy prys op hê.
- As jy wil hê ons moet jou barcodes print teen R5 per bladsy (65 stickers), moet dit asb **reg wees om geprint te word teen 16 Oktober**.
- Dit sal reg wees om **afgehaal** te word by Doxa Deo Kameeldrift kantoor van **Maandag 25 Oktober** af – tussen 08:00 en 16:00.
- Indien jou barcodes later opraak, kan ons nog print van dit wat ons reeds geprint het. Probeer egter genoeg voorsiening maak dat so 'n krisis vermy kan word.
- **NB! OP 30 OKTOBER SAL GEEN BARCODES GEPRINT WORD NIE. Dit is die dag wat die mark begin.**
- Jy moet egter steeds jou eie produkte op ons webtuiste laai. Ons kan nie daarmee help nie.
- Alle produkte moet teen **Maandag 24 Oktober** teen 19:00 geregistreer wees. **Geen produkte kan daarna gelaai word nie en jy kan nie dit wat jy reeds gelaai het, verander nie.** Daar kan wel nog barcodes geprint word daarna.

- NB! Jy kan nie fotostate maak van barcodes nie. Die scanners sal dit nie lees nie wat beteken die bedrag sal nie by jou totaal bygevoeg word nie en **ons neem nie verantwoordelikheid daarvoor nie**.
- EK HERHAAL: **GEEN ANDER BARCODES SAL WERK NIE.**

**HIER IS BELANGRIKE INLIGTING OOR DIE BARCODES EN HOE OM JOU PRODUKTE IN TE LEES:**

1. Hier is 'n voorbeeld van hoe elke barcode lyk:

*BARCODE SAMPLE:*


100120130002 15000.00

GOLD RING WITH DIAMO


2. Watter labels om te koop om die barcodes op te print:

   Koop Tower W107 (65UP), 100 sheets Barcodes van jou naaste skryfbehoefte winkel. Indien jy nie regkom nie, maak gebruik van een van die volgende opsies (pryse mag verskil van hierdie voorbeelde):


- HiFi Corp





- TakeAlot




- Plastilon




3. Hoe om jou label te print met die barcode op:
   - Gaan na [https://mykaleidoskoopmark.co.za](https://mykaleidoskoopmark.co.za) en ***SIGN IN*** met jou eposadres en password waarmee jy geregistreer het.
   - Gaan na ***MY PRODUCTS.***





4. Twee maniere om jou labels te print:
   a. Elke produk apart – (1 vol bladsy PDF vir die produk, 65 labels)
   b. Master print – Kombineer al die produkte se PDFs in ‘n enkele PDF (1 PDF met veelvuldige bladsye – elke bladsy verteenwoordig ‘n produk)

   a. Print elke produk apart:




- Aan die REGTERKANT van elke produk, is daar ‘n knoppie wat sê ***ACTIONS.***

- Kliek op ***ACTIONS***. Jy sal die opsies EDIT or DELETE sien… en ook ***BARCODE***.





- Kliek op ***BARCODE.*** *Jou browser sal 'n* PDF genereer met 65 stickers daarop, almal vir daardie spesifieke produk, en dan DOWNLOAD die PDF automaties.
- In GOOGLE CHROME word die afgelaaide (downloaded) dokument in die linkerkantste hoek (onder) gewys. Dit lyk min of meer so:





***NB!!! MOENIE DIE PDF DIREK IN JOU BROWSER OOPMAAK NIE!!!***

***Gaan na jou DOWNLOADS FOLDER op jou PC (File explorer > Downloads) en maak dit oop van daar af!*** (Sien hieronder)





- PRINT SETTINGS vir PDF READER:

  Kliek op "Page Setup".
  Wanneer oop, maak seker die "Page Setup" is soos in die foto hieronder – maw A4 en portrait orientation.
  Kliek dan OK.




- Maak seker die ander opsies is soos in die foto hieronder:

  Actual size en Portrait





- Druk dan Print regs onder.

b. Master Print

Hierdie funksie word nog bygevoeg.

Die knoppie vir die nuwe funksie sal langs die EXPORT knoppie staan in die PRODUCTS blad.




As jy op hierdie knoppie kliek, sal dit 'n ENKEL PDF met VEELVULDIGE BLADSYE skep. Daar sal 'n bladsy wees vir elke produk in jou lys.

Bv. 20 produkte = 20 bladsye PDF.

Ons hoop al bogenoemde inligting het jou gehelp in jou voorbereiding

Vroeg in Oktober kan jy Kalei-Nuus 5 verwag. Indien jy nog nie jou produkte op die WEB geskep het nie, gaan dit jou stap vir stap help hoe om dit te doen.

Sterkte met die finale voorbereidings…


MÜLLER & ANNIE CRAUWCAMP
083 301 2897 | mark@kaleidoskoopmark.co.za | kaleidoskoopkersmark.co.za